

Goeie more geliefde Ouderling/Diaken,

Ons land is nou in 'n interessante fase, en dit voel of mense meer hand uit ruk as die virus, maar nietemin, dis nou ons die realiteit, en ons moet dit hanteer.

Ek wil graag dan net saam julle dink oor 2 Tim 1, en dan veral fokus op 2 Tim 1:7: *“Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”*

Kom ons kyk eers na die eerste deel van die vers: *Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie...*

Die brief 2 Timoteus is 'n brief wat die apostel Paulus aan 'n jong dominee met die naam, Timoteus, geskryf het. Timoteus was 'n jongman wat Paulus as tiener onder sy vlerk geneem en op sy tweede sendingreis saamgeneem het. So het Timoteus onder Paulus se leiding opleiding in die bediening van die evangelie gekry, en nog later het Paulus vir Timoteus uitgestuur om bedieningswerk op spesifieke plekke te gaan doen.

Op 'n stadium het hy vir Timoteus as woordbedienaar in die stad Efese agtergelaat. Paulus was vir Timoteus 'n geestelike vader. In die teks wat ons gelees het noem Paulus ook vir Timoteus sy kind in die geloof.

Sonder om in te veel besonderhede in te gaan - vir Timoteus was sy bedieningswerk nie maklik nie.

- Hy het baie teenstand beleef.
- Nie net is sy jeug en jonkheid teen hom gehou nie,
- maar daar was ook baie dwaalleraars wat Timoteus se lewe baie moeilik gemaak het.

Hierdie swaarkry en teenstand wat hy beleef het, was die hoofrede waarom Paulus die 2 briewe wat ons in die Bybel het (en wat die naam Timoteus dra) geskryf het. Dit was om Timoteus in die geloof

- te bemoedig
- en te versterk,
- en hom aan te moedig om in sy bedieningswerk te volhard..

Ons sees hoedat Paulus in die begin van sy tweede brief skryf hoedat hy gereeld baie ernstig vir Timoteus bid. Hy weet hoe moeilik Timoteus dit by tye gehad het.

Hy weet van die teenstand wat Timoteus beleef het en negatiewe invloed wat dit op Timoteus gehad het - hoedat daar tye in Timoteus se lewe was waar hy oorweldig was deur alles, wou tou opgooi, en nie met die bedieningswerk wou voortgaan nie.

Daarom die aanmoediging wat hy in ons fokusverse aan Timoteus rig: *“Vuur die genadegawe aan wat jy van die Here ontvang het...”*

Paulus gebruik die beeld van 'n vuur. Die vuur is besig om dood te gaan en is nog net kole.

- Moenie dat die vuur doodgaan nie.
- Gooi nog hout op die vuur.
- Blaas die vuur aan. Maak dat die kole weer vlamme word.
- Maak die vuur nog sterker.
-

Toegepas op Timoteus: moenie dat fokus wat jy het op die Here het tot niet gaan nie.

- Moenie deur omstandighede oorweldig word dat jy jou gerigtheid op God (en jou
- bedieningswerk) verloor nie.

- Blaas dit gaan.
- Doen dinge om dit te versterk.
- Vuur dit aan.

En dan gee Paulus die rede hoekom Timoteus dit kon doen: “Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie...” Die NAV praat van “’n gees van lafhartigheid”.

Lafhartigheid is om jou fokus op wat saak maak te verloor en om weg te hardloop en nie te doen wat jy moet nie.

Geliefdes, is die hele gedruis rondom die Covid-19 siekte nie besig om ’n gees van vreesagtigheid in ons te begin werk nie?

- Maak dit nie dat ons ons visie en perspektief op God se regeermag verloor nie?
- Maak dit nie dat ons die geleenthede om ons roeping om vir die waarheid van God in hierdie omstandighede uit te leef, miskyk nie?

Kom ons kyk na ’n paar onbybelse maniere waarop die Covid-19 virus saak verkeerd benader word, en wat dan vreesagtigheid tot gevolg het. In terme van die beeldspraak van ons teks:

- ons word vreesagtig,
- want die vlamme van geloof word (weens verskillende redes)
 - gesmoor tot blote kole wat nog effens gloei.

Ons vergeet van God en ons roeping!

Hoekom word ons vreesagtig?

Omdat ons nie onself aanblaas met die waarheid van God se Woord nie. Eerder smoor ons onself deur ons met valse waarhede (leuens) te probeer troos. Ek gaan nou ’n paar voorbeelde uitwys. Telkemale gaan ek teenoor die onbybelse manier waarop die saak verkeerd hanteer word, die waarheid van God se Woord stel.

Daardie waarheid moet ons dan aanblaas, sodat die kole weer opvlam en ons bang kleingeloof aangevuur word tot sterk en kragtige geloof wat nie plek vir vreesagtigheid het nie.

1. Die eerste ding wat ons bang maak, is die paniek wat weens dwaalleer via sosiale media soos Whatsapp en Facebook versprei word. Enkele weke gelede, nog voor die virus die eerste keer in Suid-Afrika aangemeld is, is ’n boodskap versprei wat die coronavirus aangespreek het en verklaar het (gedecclare het) dat die virus deur die bloed van Christus gebind sal wees en nie Suid-Afrika sou binnekom nie.

Duidelik het daardie verklaring (declaration) nie gewerk nie, want die virus het toe tog na Suid-Afrika versprei. Toe word die boodskap (of declaration) soos volg aangepas:

CORONAVIRUS YOU HAVE ENTERED A
WRONG COUNTRY(SOUTH AFRICA), WE
ARE COVERED WITH THE PRECIOUS
BLOOD OF JESUS..... AMEN

Psalms 91:10... No evil shall befall you,
Nor shall any PLAGUE come near your
dwellings.

Hierdie verklaring met 'n teks wat buite konteks aangehaal word lyk na so 'n mooi en gelowige benadering tot die situasie.

Hier is 'n soortgelyke boodskap wat op Whatsapp en Facebook versprei:



Gemeente, hierdie tipe boodskappe (of declarations) is gruwelike dwaalleer. Hierdie benadering tot die Covid-19 virus is voortvloeiend uit twee dwalings wat die laaste jare so lewendig hier in Suid-Afrika is.

▪ Die eerste dwaling is die dwaling wat ons noem voorspoedsteologie. Voorspoedsteologie verkondig dat dit nie die wil van God is dat jy siek en arm moet wees, en sal swaarkry in hierdie lewe nie. Siekte en armoede is hiervolgens direk die gevolg van 'n sondige lewe. Wanneer jou verhouding met die Here reg is, sal jy gesond en suksesvol wees. Hierdie is doodeenvoudig nie waar nie.

- Hoekom het Timoteus met sy gesondheid gesukkel – tot so mate dat
- Paulus daarvoor skryf in 1 Timoteus 5?
- Hoekom is Paulus self deur 'n doring in die vlees geteister (so lees ons in 2 Korintiërs 12)?
- Hoekom het (volgens oorlewering) 11 van die 12 apostels 'n
- marteldood gesterf?

In beide Whatsapp boodskappe wat ek op die skerm vertoon, is verwys na Psalm 91 as dat die Here ons teen pes sal beskerm. Maar miskien moet ek ook na 'n ander deel van daardie psalm verwys. In verse 11 en 12 word gepraat oor die engele wat ons beskerm en op hulle hande dra. Maar toe die duiwel dit as versoeking aan Jesus voorhou om van die tempel se dak af te spring, want die engele gaan Hom mos dra, het Jesus geantwoord: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”

As gelowiges leef ons nog in hierdie stukkende wêreld. Pes en siekte is hier. Ons kan daaronder ly.

- In die tyd van die Reformasie het die builepes telkemale stede getref – waaronder Geneve. Talle predikante wat lidmate wat die pes onder lede gehad het gesterf.

- Tydens die Groot Griep pandemie van 1918 het baie gelowiges gesterf!

Weet en wees nugter. Ons leef in 'n verydelde, gebroke wêreld. As Christene is ons nie immuun teen die siektes van die wêreld nie. Ons kan daaronder sterf, maar die troos wat ons het, is dat kom pes of siekte oor ons, kom dit uit die hand van die Here, en Hy sal ons daardeur lei en dra.

2. Die tweede dwaling in die Whatsapp boodskappe is die dwaling van dat jy mag het om sogenaamd lewe en nie dood nie te spreek.
Jy moet net positiewe dinge verklaar (declare) en dan sal die negatiewe of slegte dinge nie oor jou kom nie.
Ook hierdie is 'n dwaling wat voortvloei vanuit die voorspoedsteologie. Besef jy dat jy wat gesondheid/voorspoed "declare" jousef eintlik in God se plek stel. Jy begin God speel. Jy besluit wat God se wil vir jou lewe moet wees.

Wat nou van die bede wat ons Here Jesus self vir ons geleer het om te bid in die Onse Vader, en wat Hyself in Getsemane gebid het: "Laat nie my wil nie, maar U wil geskied." Enige sogenaamde "declaration" wat ons ook al wil maak, sal altyd onderworpe wees aan die wil en toelating van God. En dit is genade, want nie ons nie, maar Hy weet wat op die lang duur die beste vir ons is. En as dit sy wil is dat ons deur die vuur van pessiëkte of coronavirus moet gaan, sal ons daardeur gaan – maak nie saak wat nie. MAAR, omdat Hy ons daardeur vat, sal ons uiteindelijke eendag (al is dit eers in die heerlijkheid by die Here) sien dat dit die beste vir ons was.

Nog iets. Kan jy ook insien dat die mag om sogenaamd goeie dinge te kan "declare" op die lang duur nie geloof bou en aanvuur nie, maar eerder geloof afbreek en uitdoof?

Wat nou wanneer die Here wel siekte of lyding oor jou beskik? Duidelik het die verklaring dat die virus nie na Suid-Afrika toe sal kom nie, nie gewerk nie. Beteken dit nou dat jy wat dit dalk verklaar het nie werklik 'n kind van God is nie? Sien jy die twyfel wat jy nou in die geloof ontwikkel?

Dink ook mooi oor die logiese gevolg van hierdie benadering : as hierdie benadering teenoor Covid-19 werk, hoekom gaan die mense wat dit glo nie na hospitale en spreek mense met allerlei siektes aan en verdryf so die siektes nie?

Terloops (en baie ironies), op die internet is daar talle voorbeelde van sogenaamde kerke wat reuse genesigingsdienste aanbied, wat die byeenkomste in die lig van covid-19 gestop het... Hoekom??? Kan hulle dan nie die siekes aan Covid-19 wat dit bywoon genees nie? Kan hulle nie die Covid-19 virus bind nie?

Hierteenoor, besef dat net God die Koning van die skepping is. Net Hy kan wind en golwe (en virusse) aanspreek en dit bedaar. Maar, daarby Hy is alwys en het 'n doel met alles. Ons moet ons in nederigheid aan sy wil onderwerp. As dit sy wil is dat ons die virus kry, dan moet ons dit ook aanvaar as komende uit sy hand.

Die vrede wat ons dan het, is dat ons weer dat Hy dan ook 'n doel daarmee het, en dat Hy in die groter plan van alle dinge, ook die virus in my lewe gebruik tot die groter doel, en dat ek uiteindelik in sy groter doel en heerlijkheid deel!

3. 'n Verdere onbybelse manier waarop met Covid-19 omgegaan word (en wat groot vreesagtigheid veroorsaak), is om te dink dat dit nou die uiteindelijke meganisme is wat die mensdom gaan uitwis.

Hierdie vrees vind ons by baie ongelowiges (en ek is seker dat dit aangejaag word deur allerlei "Doomsday" fliks uit Hollywood die afgelope paar jaar, en ook fiksie wat deur allerlei skrywers geskryf is).

Hoe word nie so gou vergeet van soortgelyke vrese die afgelope jare nie – om maar net enkele voorbeelde te noem:

- die vrees vir die SARS virus in 2003
- die vrees vir 'n Varkgriep in 2009
- die vrees vir Ebola in 2014


Telkemale is gedink dat dit nou die einde van die wêreld sou wees en was mense paniekbevange. Hoe ironies dat mense "op-stock" en voorberei op allerlei maniere vir die virus, maar nalaat om voor te berei om eendag voor God te verskyn.

- So is daar 'n groep hier in Suid-Afrika wat hulself COSA (Christians of South Africa) noem. Hulle verkondig dat hierdie virus
 - nou 'n teken is dat die einde van die wêreld naby is.
 - Dit is volgens hulle 'n pestilensie uit die hemel
 - en God teiken hulle wat nie in hom glo nie.

Geliefdes, Jesus leer ons in Matteus 24 dat niemand die tyd van die einde van die wêreld ken nie. Net die hemelse Vader weet dit. En verder is alle aardbewings en oorloë en gerugte van oorloë, en siektes vir elke geslag se mense 'n teken van die tye. Dit is 'n teken dat hierdie wêreld verydel is.

Dat daar 'n nuwe wêreld gaan kom op God se tyd. Jy weet nie wanneer Hy kom nie, en jy weet nie wanneer jy gaan sterf nie. Jy moet reg wees vir daardie dag!

4. 'n Laaste onbybelse manier waarop mense met die Covid-19 virus vreesagtig gemaak word, is deur na sogenaamde buite-bybelse openbaring te verwys. Asof God nou buite die Bybel om inligting oor hierdie virus bekend sou gemaak het. Die volgende plasing op Facebook het julle dalk ook gesien:



Hierdie is 'n uittreksel uit 'n boek wat voorspel dat daar in 2020 'n ernstige griep tipe virus dwarsoor die wêreld sal versprei. Mense lees dit en raak bang, want nou lyk dit asof die Here aan die outeur van die boek geheime inligting bekend gemaak het.

Enige iemand wat nugter oor die saak dink, sal weet dat daar voortdurend griep tipe virusse oor die wêreld versprei. Sommige is ernstiger as ander. Die outeur van die boek het nie nuwe inligting van God gekry nie, maar sommer net met algemene inligting tot sy beskikking 'n raaiskoot gevat.

Daar het in elk geval baie storieboeke en films al die laaste paar jaar verskyn wat dieselfde strekking gehad het. Talle voorbeelde kan gegee word – om maar enkeles te noem waaraan ek nou kan dink: vanaf die flik “Twelth Monkeys” van die 1990’s, tot die boek van Dean Koonz in 1981 “The eye of darkness” tot die boek van Deon Meyer van ’n jaar of wat gelede, genaamd “Koors”.

Samevattend: God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie. Ons moet die vlam van geloof en vertroue in die Here aanblaas, dan sal ons (in die woorde van Paulus in 1 Tessalonisense 4:13) nie stress (my vertaling) soos mense wat nie hoop het nie.

Kom ons kyk nou na die res van 2 Timoteus 1:7 om te sien hoe ons op ’n verantwoordelike en gelowige wyse teenoor die Covid-19 virus moet staan:

Kom ons kyk weer na ons teksvers: Paulus skryf in 2 Timoteus 1:7 “Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”

Gemeente, onthou die konteks van die brief 2 Timoteus. Paulus het die brief nie aan Timoteus geskryf na aanleiding van ’n wêreldwyse virus uitbraak nie. Hy het dit geskryf om ’n jong dominee aan te moedig om sy dienswerk te verrig. Hy moes onder moeilike omstandighede voortgaan om met vrymoedigheid die evangelie van Christus te verkondig – met krag en liefde en selfbeheersing!

Die woord evangelie beteken “goeie nuus.” Die goeie nuus is dat daar vir die mens wat in Jesus Christus glo

- oorwinning oor die sonde en
- oorwinning oor die ewige dood is.
- Verder is daar nou tussen daardie mens en die Skeppergod (wat alles gemaak het en vandag nog bestuur) ’n Vader-kind verhouding.

So ’n mens het die vrede dat niks hom/haar van die liefde van God kan skei nie, en dat God alles vir so ’n mens ten goede laat meewerk. Wanneer jy hierdie Goeie Nuus verstaan, sal jy ook in die konteks van ’n virus wat wêreldwyd sy tentakels inslaan nie vreesagtigheid hê nie, want kyk hoe beskryf Paulus die Goeie Nuus sommer in die inleiding van die brief, in vers 1: Van Paulus, ’n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, gestuur om die belofte te verkondig van die lewe in Christus Jesus.

Jy wat in Jesus Christus glo hoef nie ’n gees van vreesagtigheid te hê nie, want jy deel in die belofte van die lewe in Christus Jesus. Dit beteken dat jy weet dat al sterf jy ook aan pes, of siekte, of wat ook al, jy sal lewe by God. En (buiten daardie mense wat nog gaan lewe die dag wanneer ons Here Jesus terugkom) gaan almal van ons een of ander tyd op een of ander manier sterf.

In die lig hiervan – hoe tree ons dan met ’n gees van krag en liefde en selfbeheersing op in die aangesig van Covid-19?

- ❖ Die woord wat uit die oorspronklike taal met “krag” vertaal is, kom van dieselfde wortel waaruit die Afrikaanse woorde dinamo en dinamiet vandaan kom.
- ❖ In die aangesig van Covid-19 is ons nie lam gelê nie. Vanweë die krag van Jesus wat Hy deur sy Heilige Gees in ons wek, kan ons opstaan en doen wat ons moet doen om te midde van die pandemie die lig van die Here te kan laat skyn. Ons dra nie by tot die verspreiding van paniek nie, maar ons is God se instrumente van hoop en kalmte en vrede.
- ❖ Die woord wat met “liefde” vertaal is verwys nie na die emosie van liefde nie, maar na die doen van liefde.

Weet julle dat in die vroeë dae van die Christelike kerk was dit juis die Christene wat opgestaan en uitgegaan en die siekes aan die pes en melaatsheid (en ander ellendes) versorg het. Hulle het met krag uitgegaan, want hulle krag was in Christus en nie in hulself nie. Hulle het gegaan, nie met 'n gees van vreesagtigheid nie.

In die tyd van Johannes Calvyn is die stad Geneve 5 keer deur die pes getref. Die eerste keer het Calvyn ook uitgegaan en siekes besoek en bemoedig. Hy het begrafnisse gelei. Maar omdat sy leiding as so nodig geag is, het die stadsvaders hom verbied om dit weer te doen. Toe het hy maar net in die geheim uitgegaan en siekes besoek en bemoedig. Ja, so is die liefde van Christus bedien.

In dieselfde lig het Martin Luther die volgende geskryf:

"I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbor needs me however I shall not avoid place or person but will go freely as stated above. See this is such a God-fearing faith because it is neither brash nor foolhardy..."

—Martin Luther, Works v. 43, p. 132. Letter "Whether one may flee from a Deadly Plague" written to Rev. Dr. John Hess.

Die woord wat met "selfbeheersing" vertaal is verwys na om jou aksies en dade te oordink en dan te doen wat reg is.

Jy tree met ander woorde nie op vanuit jou emosies nie, maar vanuit wat jy weet reg is. Jy laat nie toe dat jy deur allerlei dinge op hol gejaag word nie, en jy sorg dat jy nugter bly.

Dit hou in:

- Jy besef dat alhoewel die Covid-19 virus vinnig en maklik versprei, dit nie anders as die builepes van die Middeleeue, en die pokke van die 17de eeu, en ook pandemies was nie. Dit is deel van die verydelde wêreld, maar alles in hierdie wêreld is onder die besturende hand van ons Here.
- Jy besef in die Here het jy 'n verantwoordelikheid - jy werk mee met die owerhede om die verspreiding van die virus te bekamp.
- Indien jy siek word het jy ook verantwoordelikhede:
 - Jy moet keer dat jy die siekte verder versprei en ander aangesteek word, en
 - jy moet jou medisyne in vertroue op die Here gebruik, want ons weet Hy is die groot Geneesheer wat ook deur medisyne heen werk.

Ter afsluiting:

Vers 10: Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.

Paulus het vir Timoteus aangespoor om nie 'n gees van vreesagtigheid te hê nie, maar 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing te kweek. Dit sou hy aankweek wanneer hy die genadegawes wat hy van die Here ontvang het, soos 'n vuur aanblaas. Dan sou die uitgebrande hout wat nog net gloeiende kole is weer opvlam. Sou hy nog hout daarop plaas, sou die vlamme helderder en hoër blaas.

Covid-19 laat ons weer beseef hoe koud en donker die lewe sonder God is. Kyk na vers 10. Deur die evangelie het die lig van die onverganklike lewe na ons gekom. Die lewe wat nie deur

- 'n virus
- of motorongeluk,
- of kanker,
- of hartaanval,
- of ouderdom van ons gesteel kan word nie.

Laat Covid-19 jou weer die vlam van die evangelie in jou aanblaas, sodat jy in die lig van die onverganklike lewe kan leef, en jou gawes vir die Here en sy kerk en die wêreld kan aanwend – nou in die tyd van pessiëkte, en ook wanneer hierdie virus weer die wyk geneem het.

So sal jy die ware boodskap van Psalm 91 beleef, dat jy geen kommer oor pes of siekte hoef te hê nie, want deur dit alles is jy in die hande van die Here – en jy is aanskouer van sy werk!

Met erkenning aan: Dr Jannie Erasmus van GK Odendaalsrus